BELEGGINGSOORSIG

# KORPORATIEWE FINANSIES

**BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE**

| | **2010 R miljoen** | 2009 R miljoen |
|---|---|---|
| Sentrale tesourie | **57** | 228 |
| Buitelandse valuta-winste | **–** | 50 |
| Netto korporatiewe koste | **(101)** | (88) |

## KORPORATIEWE FINANSIES – effektiewe belang: 100.0%

| REMGRO FINANSIERINGSKORPORASIE BEPERK, REMGRO BESTUURSDIENSTE BEPERK *en* REMGRO INTERNATIONAL LIMITED – JERSEY | ONGENOTEERDE MAATSKAPPYE |
|---|---|
| | **PROFIEL**<br>Verantwoordelik vir Remgro se sentrale tesourie-funksie sowel as bestuurs- en ondersteunende dienste. |

Die sentrale tesourie-afdeling se bydrae tot wesensverdienste het van R228 miljoen tot R57 miljoen afgeneem, hoofsaaklik vanweë laer rentekoerse asook laer gemiddelde kontantsaldo's. In 2009 is buitelandse valuta-winste ten bedrae van R50 miljoen gerealiseer met die repatriasie van R&R-dividende.

Die toename in netto korporatiewe koste tot R101 miljoen (2009: R88 miljoen) is hoofsaaklik die gevolg van die insluiting van VenFin se korporatiewe koste.